# DIESEL: SKRAP VOERTUIG EN DRUKKNOPPIE EN HERGEBRUIK DRUKKNOPPIE VIR ANDER VOERTUIG

Wanneer 'n voertuig verkoop word, of tot niet gemaak word, volg die volgende stappe:

1. Gaan op die diesel se hoofskerm in by: Voertuie en toerusting:




2. Staan op die voertuig wat se drukknoppie verwyder moet word, en dubbel-kliek.

3. Die voertuig-profiel sal oopmaak:




4. Gaan in die geel blokkie na: Drukknoptoewysings.

5. Die huidige drukknoppie-toekenning sal vertoon word.

6. Kliek onder op: Wysig:




7. Tik 'n "einddatum" in waar die veld daarvoor voorsiening maak, en kliek onder op: OK (Skryf):




8. Gaan dan in die geel blokkie na: Algemeen.

9. Die derde lyntjie van bo-af gee vir jou die opsie: "Verkoop/tot niet gemaak". Merk die opsie hier om die voertuig uit die lys van voertuie wat tans in gebruik is, te verwyder.

10. Voltooi ook in die middel van die skerm die opsie: "Datum verkoop of tot niet gemaak".

11. Kliek onder op: OK (Skryf):



12. Die voertuig sal nou nie meer in die bestaande lys van aktiewe voertuie vertoon word nie, en kan hierdie drukknoppie net weer aan 'n ander voertuig toegewys word.